

Die nagmaal en mis

Vraag 80 van die Heidelbergse Kategismus wil die duidelike verskil tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis laat sien. Die Roomse mis word dus nie as die nagmaal van die Here gesien nie, maar as “vervloekte afgodery”. Waarom die totale afwysing? Is dit billik? Dit gaan oor twee dinge: Wat is die teken van brood en wyn vir jou? Die Roomse beskouing oor die brood en wyn is dat Christus se liggaam in die brood en wyn aanwesig is. Die heidene van vroeër het ook gedink dat God in hulle afgodsbeeld teenwoordig word. By die nagmaal van die Here is die brood en wyn tekens en seëls waardeur Christus ons verseker dat ons in Hom ingelyf is. Hy is nou, na sy menslike natuur, in die hemel en wil daar deur ons aanbid word.

Wat gebeur by die nagmaal? Volgens die Roomse beskouing word Christus elke keer weer opnuut vir jou geoffer wanneer jy die hostie (brood) uit die mispriester se hand ontvang. Die offer word dus herhaal deurdad die brood gebreek word.

By die nagmaal word jy oor en oor verseker dat jy deel het aan die offer wat eenmaal, eens en vir altyd op Golgota vir jou volbring is. Dit is nie die offer wat herhaal word nie, maar die offermaaltyd. Die versekering word deur die offermaaltyd herhaal, nie die offer nie.

Hebreërs 10:12 stel dit duidelik: “Maar Jesus Christus het één offer vir die sondes gebring en vir altyd aan die regterhand van God gaan sit.”

Sing: Skrifberyming 5-3:1

Ds. C Hattingh (Randburg)

~~~~~